BYBELSTUDIE OPENBARING LES 16

Openbaring 4 jubel oor God die Vader as die Skepper. Hoofstuk 5 jubel oor Jesus Christus as die Verlosser. In hoofstuk 4-5 word ook die verhouding tussen die Vader en die Lam uitgebeeld:

★ In 4:8-11 word God geprys.
★ In 5:8-12 word die Lam aanbid.
★ In 5:13 word God en die Lam sáám aanbid en geloof.

Hier verstaan ons Jesus se woorde in Johannes 10:30 dat *Hy en die Vader een is*.
Christus word ook op 'n besondere wyse uitgebeeld in hoofstuk 5. Hy is die Leeu uit die stam van Juda [5:5]. Hy verskyn as die Oorwinningslam wat geslag is [5:6]. Hy neem stelling in voor die troon en tree op as Middelaar om die boekrol by God te neem [5:7-8]. Hy word ook as God aanbid [5:12]. Die kruisdood van die Lam is die vertrekpunt van God se verlossing en oordeel.
Die opbou van hoofstuk 5 as geheel:
As inleiding sit God op die troon met 'n verseëlde boekrol in sy regterhand [1]. In vers 2-3 vind ons die probleemstelling waar 'n engel vra dat iemand die boekrol moet oopmaak. Niemand word vir die taak gevind nie. Die ontknoping vind plaas wanneer die Lam inplaas van die Leeu die boekrol in ontvangs neem [6-7]. Daarop volg die afloop wat uit huldebetoging aan God en die Lam bestaan [11-12 en 13-14].

BYBELSTUDIE OPENBARING HOOFSTUK 5.

1. LEES: Vers 1; Esegiël 2:9-10.
   Johannes sien 'n verseëlde-boekrol in God se regterhand. Verskillende verklarings word vir hierdie boekrol gegee, byvoorbeeld: dat dit die boek van die lewe is. Maar ons moet onthou dat hoofstuk 12 handel oor verlossing en oordeel.
   Wat is volgens u die betekenis van die boek in God se regterhand?

2. LEES: Vers 5, 6, 7-8, 12.
   Christus word op 'n besondere wyse uitgebeeld in hoofstuk 5. Lees hierdie verse en gee 'n beskrywing van Christus.

3. LEES: Vers 6-7; Openbaring 12:5; Efesiërs 1:22; Filippense 2:9.
   In vers 5 is daar nog sprake van die Leeu uit die stam van Juda. Maar toe Johannes kyk, sien hy meteens die Lam by die toorn van God staan. Waar het die Lam so skielik vandaan gekom?

4. LEES: Vers 6; Deuteronomium 33:17; Sagaria 4:10.
   Hier sien Johannes die Lam met sewe horings en sewe oë. Wat wil Openbaring hiermee beklemtoon?

5. LEES: Vers 8-10 [veral 9b,9c,10].
   Die inhoud van hierdie lied word in drie dele verdeel en handel in besonder oor die werk van die Lam. Beskryf die indeling van die lied in u eie woorde.

6. LEES: Vers 11-12; 7:11-12.
   Hier sien Johannes die engele wat nie getel kan word nie. Sewe eienskappe van Christus word besing. Noem die sewe eienskappe en verduidelik wat so besonders aan hierdie eienskappe is.

7. LEES: Vers 13-14.
   Wie sing hierdie loflied en tot wie word dit gesing?

ANTWOORD.

1. Dit was destyds die gebruik om 'n belangrike dokument op te rol en goed te verseël. Die boekrol waarvan Openbaring 5:1 praat is geheel en al vol geskryf om te beklemtoon hoe baie dinge nog in die geskiedenis moet gebeur voordat die inhoud van die boekrol bekend gemaak sal word. Dit is ook verseël om te beklemtoon dat dit volkome geslote en ontoeganklik is. Die boekrol bevat waarskynlik die inleiding tot die ontplooiing van die toekomstige wêreldgeskiedenis soos dit ook met die oopmaak van die sewe seëls-visioene [6-8] al hoe duideliker sal word. Dit is God se meesterplan van die eindtyd – die aanloop tot die ontvouing van die wêreldgeskiedenis.
2. Hy is die Leeu uit die stam van Juda [5].
   Hy verskyn as die Oorwinningslam wat geslag is [6].
   Hy neem stelling in voor die troon en tree op as Middelaar om die boekrol by God te neem [7-8].
   Hy word ook as God aanbid [12].
3. Hier word verwys na Christus se hemelvaart. Die Lam staan na sy oorwinning in die sentrum van die troonkamer. Daarom word die verrassende beeldspraak gebruik van Leeu teenoor Lam. Nie deur militêre oorlog is Hy die oorwinnaar nie, maar deur geslag te word.
4. Die sewe horings simboliseer Christus se volgehoue mag en heerskappy. Die getal sewe beteken dat Hy genoeg krag het om die taak uit te voer.
   Die sewe oë, dit is die sewe Geeste van God, beskryf Christus se alwetendheid en alomteenwoordigheid in hierdie wêreld. Deur die Gees is Hy deeglik bewus van almal en alles.
5. Die waardigheid van die Lam [9b].
   Die verlossingswerk van die Lam [9c].
   Die gevolg van die Lam se kruisdood in die lewe van gelowiges [10].
6. Mag, rykdom, wysheid, sterkte, eer, heerlikheid, lof.

In 7:11-12 word dieselfde eienskappe [met uitsondering van rykdom wat met dank vervang word] aan God toegeskryf. Jesus Christus word op dieselfde manier as die Vader vereer. Hy is dus gelyk aan die Vader.
Die sewe eienskappe beklemtoon die volkomenheid van die Lam.

7. Die uitdrukking ‘die hele skepping [pan ktisma] het nie net op die mense betrekking nie. Hier word van almal en alles gepraat wat geskape is. Die see word volgens Openbaring verbind met die Bose. Alles en almal loof en prys God.
God [van hoofstuk 4] en die Lam [van hoofstuk 5] word saam in hierdie lied geloof en aanbid. Hoofstuk 4 en 5 word daarom op 'n besondere wyse afgesluit. Alles is nou gereed vir die oopbreek van die seëls.

****